# AFDELING B.

## HISTORIESE OORSIG.

## HOOFSTUK II.

### KLEINKINDERONDERWYS VOOR DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE KAAPLANDSE ONDERWYSDEPARTEMENT IN 1839 EN GEDURENDE DIE EERSTE HALFEEU DAARNA.

1. Die eerste skole aan die Kaap.

In 1658, ses jaar na die stigting van die volksplanting aan die Kaap, is daar 'n skool vir slawe gestig[1] en teen die einde van 1663 het die Politieke Raad eers tot die oprigting van 'n skool besluit waarin blanke kinders ook toegelaat sou word.[2] Die pas aangestelde sieketrooster, Ernestus Back, was die eerste onderwyser in hierdie skool en sy 17 leerlinge het uit twaalf blankes, een Hottentotjie en vier slawekinders bestaan.[3]

Die eerste kleinkinderskool („infant school"), te wete 'n skool vir kinders onder die ouderdom van sewe jaar, is in 1690 in Kaapstad gestig.[4] Die weduwee Aagje Keijsers was die eerste onderwyseres, maar dit is nie bekend waaruit haar onderwys bestaan het en hoe lank sy daarmee volgehou het nie.[5]

In 1683 is die eerste skool op Stellenbosch gestig, met Mankadan as onderwyser. 'n Groot gedeelte van die skooltyd is deur godsdiensonderrig in beslag geneem, maar die kinders het ook onderrig gekry in lees, skrywe en die eerste beginsels van rekene.[6]

Die meeste van die Franse vlugtelinge, wat van 1688 af in die Kaap aangekom het, is in Drakenstein gevestig[7]

---

1) Malherbe, E.G. Education in South Africa, p. 28.
2) Du Toit, P.S. Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, p. 24.
3) Ibid., p. 26.
4) Special reports on the systems of education in Cape Colony and Natal, 1901, p. 4.
5) Du Toit, P.S., op. cit., p. 30.
6) Theal, G.M. History and ethnography of Africa south of the Zambesi, vol. II, p. 259-260.
7) Franken, J.L.M. Die Franse vlugtelinge. Die Huisgenoot, 5 Febr. 1926. Aangehaal deur Du Toit, P.S., op. cit., p. 57.

en ook daar is vir die onderwys van die kinders voorsiening gemaak, sodat dit wil voorkom asof daar teen die einde van die 17de eeu drie skoolsentra, naamlik Kaapstad, Stellenbosch en Drakenstein, was „where small groups of children received a semi-secular education under the care of the Church."[8] Met uitsondering van die reeds genoemde skool wat in 1690 in Kaapstad gestig is, was daar weliswaar nie kleinkinderskole nie, maar die onderwys was van so 'n uiters elementêre aard dat dit eintlik niks anders as aanvangsonderwys was nie.

2. Die Ordonnansie van De Chavonnes.

Ofskoon die ordonnansie wat Maurits Pasques de Chavonnes, destydse goewerneur aan die Kaap, in 1714 uitgevaardig het, op die onderwys in die algemeen, en nie net op die werk in kleinkinderskole nie, betrekking gehad het, word dit hier vermeld omdat dit so 'n belangrike onderwyswet was. Volgens E.G. Malherbe[9] was dit die eerste poging tot „proper educational legislation" in Suid-Afrika en dit het die grootste gedeelte van die 18de eeu van krag gebly.[10]

Die Ordonnansie van De Chavonnes het onder meer die volgende bepaal:[11]

(i) Niemand sou voortaan tot die skooldiens toegelaat word alvorens hy deur die Goewerneur en die Raad „in leere en leeve" ondersoek en bekwaam gevind is nie.

(ii) Van die onderwysers sou verwag word om die kinders van jongs af te leer: die Onse Vader, die Tien Gebooie, die Geloofsartikels, tafel-

---

8) Special reports on the systems of education in Cape Colony and Natal, 1901, p. 4.

9) Op. cit., p. 35.

10) Watermeyer-verslag, 1863, p. vii.

11) Du Toit, P.S. Onderwys in Kaapland. (In Coetzee, J. Chr. e.a. Onderwys in Suid-Afrika, 1652-1960, p. 11.)

en ander gebede en die vrae en antwoorde uit die Kategismus. Ook moes hulle die kinders op vasgestelde tye oefen in die sing van psalms.

(iii) Géen ander boeke as dié wat in Holland „nut en bequaam" gevind is, mag in die skole gebruik word nie en die onderwysers sou verplig wees om die lesse van die leerlinge self te hoor en dit nie aan ander kinders oor te laat nie.

(iv) Toesig oor die onderwys sou voortaan by die Skolarge onder die oppergesag van die Goewerneur en die Raad berus. Die Skolarge sou wees: die sekundus aan die Kaap, die kaptein van die garnisoen en die predikant van Kaapstad.

3. Privaatskole en privaatonderwysers.

Gedurende die eerste eeu na die stigting van die volksplanting aan die Kaap, en ook baie jare later, is daar op boereplase en elders van die dienste van privaatonderwysers gebruik gemaak.

Hoewel dit van 1692 af verpligtend was dat 'n skriftelike verbintenis aangegaan word wanneer 'n dienaar van die Kompanjie by 'n vryburger in diens tree,[12] is die pligte van die skoolmeesters in die meeste kontrakte nie nader bepaal nie.[13] Daar is egter 'n aantal gevalle waar die pligte van die skoolmeesters wel taamlik noukeurig vasgestel is, en in die oudste kontrak wat Franken opgespoor het, word die volgende interessante inligting verstrek oor wat ons vandag die leerplan sou kan noem: Pieter Deldijk is naamlik deur Okker Cornelisz in diens geneem „als leermeester sijner kinderen om deselve met nairstigheid en vlijt in 't lesen en schrijven en alle Christelijke leringen en oefeningen als een vroom meester betaamd, t' onderwijsen ..."[14]

---

12) Franken, J.L.M. Huisonderwys aan die Kaap (1692-1732), p. 2.

13) Hoge, J. Privaatskoolmeesters aan die Kaap in die 18de eeu, p. 20.

14) Franken, J.L.M., op. cit., p. 4.

Van die onderwys in die rekenkuns („'t cijferen") word selde melding gemaak. Volgens Hoge[15] het die ouers dit blykbaar van minder belang geag as die godsdienstige opvoeding en die onderwys in lees en skrywe, maar aan die ander kant het hulle ook nie maklik iemand gekry wat bekwaam was om daarin onderwys te gee nie.

Oor die leermiddels wat die privaatonderwysers gebruik het, het daar nie veel inligting bewaar gebly nie en dit wil voorkom asof hulle maar min en swak leermiddels tot hul beskikking gehad het. So meld Mentzel[16] bv. dat die goewerneur se seuntjie nie juis met sy onderwys gevorder het nie omdat hy nie boeke gehad het nie.

Hul tydgenote se oordeel oor die skoolmeesters is nie baie gunstig nie.[17] „Tog het hierdie boereskoolmeesters in 'n baie belangrike behoefte voorsien en veel daartoe bygedra om die bevolking van 'n toestand van ongeletterdheid te vrywaar."[18]

4. Die begin van die 19de eeu.

By die onderwys aan die Kaap onder die Bataafse Republiek (1803-1806) en gedurende die eerste jare van die Britse Bestuur (vanaf 1806) word hier nie stilgestaan nie, aangesien die veranderinge en ontwikkeling wat plaasgevind het, met die onderwys in die algemeen, en nie net met kleinkinderonderwys nie, in verband staan. Die volgende word nietemin, vanweë hul belangrikheid vanuit sowel 'n geskiedkundige as 'n opvoedkundige oogpunt, hier vermeld: die Skoolorder van De Mist; die Algemene Skoolkommissie; die Maatskappy „Tot Nut van 't Algemeen"; en die pogings tot verengelsing, veral onder lord Charles Somerset,

---

15) Op. cit., p. 24.
16) Aangehaal deur Hoge, op. cit., p. 28.
17) Hoge, J., op. cit., p. 55.
18) Du Toit, P.S. Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, p. 80.

maar, soos Van der Westhuizen[19] aantoon, ook reeds onder Somerset se voorgangers.

5. Die „South African Infant School Society" en sy kleinkinderskole.

'n Gebeurtenis van baie groot belang vir aanvangsonderwys was die stigting, in Januarie 1830,[20] van die „South African Infant School Society", die eerste vereniging in sy soort in Suid-Afrika. Danksy die welwillendheid van die publiek van Kaapstad is 'n bedrag van £300 (R600) spoedig byeengebring met die doel om skole te stig soortgelyk aan dié wat dr. J. Philip kort na sy aankoms in die Kolonie (in Oktober 1829) gestig het.[21]

Op 14 Februarie 1831 het die eerste jaarvergadering van die vereniging onder voorsitterskap van sir John Wylde, Hoofregter van die Kolonie, in Kaapstad plaasgevind.[22] By hierdie geleentheid is gerapporteer dat die eerste kleinkinderskool, vir die kinders van behoeftige blankes en slawe,[23] op 15 Maart 1830 met mnr. W. Buchanan as onderwyser geopen is en as die „Lower School" bekend staan,[24] terwyl die „Upper School," 'n skool vir die kinders van meer gegoede persone,[25] op 21 Junie 1830 met mej. Lyndall as onderwyseres in St. Georgestraat geopen is.[26]

Saam met die eerste jaarverslag (en ook as bylae by latere jaarverslae) is die regulasies van die vereniging gepubliseer, waarin onder andere neergelê is dat die twee

---

19) **Van der Westhuizen, W.S.** Onderwys onder die Algemene Skoolkommissie, 1804-1839, p. 30.

20) The importance of early instruction, bylae, p. 45. Sien ook Education Gazette, V:9, 14 Jul. 1905.

21) The importance of early instruction, bylae, p. 45.

22) Ibid., bylae, p. 47.

23) First annual report of the Committee of the South African Infant Schools, p. 3.

24) Ibid., p. 9.

25) Ibid., p. 3.

26) Ibid., p. 11.

skole op die lees van die „Infant Schools" in Engeland geskoei sou wees en as voorbereidingskole vir ander skole in die Kolonie met meer gevorderde klasse sou dien -- „preparatory to the more advanced education in the Colonial Schools"[27] -- en dat slegs leerlinge tussen die ouderdomme agtien maande en agt jaar („no child to be admitted after the age of six") in die twee skole toegelaat sou word.[28] Voorts sou daar 'n Komitee, die „South African Infant School Committee", gekies word wat beheer oor die skole sou hê, nie alleen wat die skoolfonds betref nie, maar ook ten opsigte van die vakke wat onderrig sou word en die aanstelling en ontslag van onderwysers.[29]

Die skoolgeld in die „Upper School" was 1/- (10c) per leerling per week en in die „Lower School" 2d. (2c) per leerling;[30] en van 1838 af is daar van die Regering 'n jaarlikse toelae ontvang volgens die stelsel wat vandag 'n R-vir-R bydrae genoem sou word.[31]

In die „Upper School" was daar in die eerste jaar van sy bestaan 21 Hollandssprekende en 37 Engelssprekende blanke leerlinge,[32] maar in die „Lower School" was nouliks een-derde van die leerlinge blankes: die totaal van 153 is saamgestel uit 17 Hollandssprekende blankes, 37 Engelssprekende blankes, 24 vryswartes („free blacks") en 75 slawe.[33]

By die onderrig is daar ruimskoots gebruik gemaak van die dienste van monitors, d.w.s. betreklik gevorderde leerlinge wat gehelp het om die minder gevorderdes te leer; en in een van die jaarverslae word met waardering

---

27) Ibid., p. 3.
28) Ibid.
29) Ibid., p. 4.
30) The importance of early instruction, bylae, p. 46; en First annual report, p. 3.
31) Eighth annual report, p. 14. Sien ook S.G.O.-verslag, 1855-1856, p. 14.
32) First annual report, p. 11.
33) Ibid., p. 10.

na hul dienste verwys: „... the more advanced children, who have acted as monitors, have continued to lend the efficacious aid upon which the system mainly depends."[34] Ongelukkig het die monitors self nie vordering gemaak terwyl hulle hul skoolmaats gehelp het nie, sodat die verslag verder lui: „... they have themselves been comparatively at a standstill as to improvement."[35]

Die leergang: In die eerste jaarverslag word gemeld dat die leerlinge onderrig gekry het in spel, syferwerk, grammatika, Bybelgeskiedenis en, in die geval van die meisies, Naaldwerk,[36] maar die hoofdoel met die onderwys was „to teach them to think, act and speak correctly."[37] In die daaropvolgende verslag word lees, skrif, mondelinge werk en Naaldwerk aangegee as die gewone skoolvakke.[38]

Die volgende uittreksel uit 'n koerantverslag van die vyfde jaarvergadering (1835) van die „South African Infant School Committee" gee 'n taamlik duidelike beeld van die wyse waarop aanvangsleesonderrig in daardie jare in 'n kleinkinderskool geskied het: „The method of daily instruction was illustrated by the monitors, who at a given signal darted from the ranks and took up their accustomed position in front of the other children. Here, joining hands, they sang cheerfully ... At a word from the teacher they again ran merrily to their places, and a number of small boards with single letters were thrown among them, when each monitor picked up one and retired to his class. These were afterwards called into the centre, and the living letters arranged themselves in words which were spelled out aloud by the whole school. Thus monitor E and monitor A were joined by monitor T, and these, holding their characters aloft,

34) Second annual report, p. 18.
35) Ibid.
36) First annual report, p. 11.
37) Ibid., p. 12.
38) Second annual report, p. 15.

were named successively, and in their united capacity were pronounced by their literary companions to have formed the word EAT."[39] En dan lui die verslag verder: „In this way is the laborious and tedious process of learning to read reduced to the simplicity of a childish amusement."[40]

Of die metodes altyd met welslae toegepas is, is nie so seker nie, maar uit die betrokke koerantverslag blyk ten minste dat die onderwysers in 1835 al besef het dat daar by die onderwys van getalwerk van die konkrete na die abstrakte gevorder moet word en dat 'n telraam met die oog hierop aangewend is.[41] Volgens die verslaggewer is dit haas ongelooflik hoe maklik en gou rekenkundige begrippe met behulp van 'n telraam in 'n kleinkinderskool verduidelik word; die syfersamestellings word aan jong kinders die beste geleer deur middel van „objects tangible to the senses, objects which may be seen and handled..."[42]

Volgens Van der Westhuizen[43] was die hoofdoel in die kleinkinderskole die sedelike vorming van die leerlinge.[44] Met die oog hierop is daar nie drastiese strafmiddels,[45] soos 'n mens in daardie dae allerweë sou verwag het, toegepas nie, maar „the mildest corrective means were generally resorted to."[46] As 'n leerling 'n oortreding begaan het, moes hy voor die hele klas kom staan terwyl sy oortreding aan die ander kinders verduidelik word. Indien hy dan voor sy skoolmaats laat blyk dat hy skaam voel oor wat hy gedoen het, is 'n lied wat

---

39) The South African Commercial Advertiser, XI:4, 4 Maart 1835.

40) Ibid.

41) Ibid.

42) Ibid.

43) Van der Westhuizen, W.S., op. cit., p. 202.

44) Vgl. Second annual report, p. 14; en Fourth annual report, p. 14.

45) Gutsche, C.E.W. Opvoedkundige straf, p. 85.

46) Fourth annual report, p. 11.

by die geleentheid pas, gesing en „upon an expression of penitence, and a promise of amendment, the little transgressor was restored to his place."[47]

Die lede van die Komitee in Kaapstad het uit die staanspoor daarna gestrewe om kleinkinderskole dwarsdeur die **Kolonie** te stig[48] en aanvanklik het hulle heelwat welslae behaal.[49] In Kaapstad self het daar ook uitbreiding plaasgevind: in 1837 was daar al drie kleinkinderskole[50] en 'n jaar later kon gerapporteer word dat 'n vierde skool in Kaapstad gestig is.[51] By die Hollandssprekendes was die kleinkinderskole egter nooit gewild nie omdat die voertaal uitsluitend Engels was,[52] en ten spyte van die groot waarde wat hierdie skole veral vir die kinders van behoeftige ouers gehad het, het die blankes se belangstelling daarin met verloop van tyd al hoe meer gekwyn.

Jare later is daar af en toe in S.G.O.-verslae na die kleinkinderskole van die „South African Infant School Society" verwys. So word in die verslag oor die jare 1855-1856 vermeld dat die skool wat in 1830 vir die kinders van behoeftige blankes en slawe gestig is, as die „Model Infant School" bekend staan, dat daar 190 ingeskrewe leerlinge in 1855 was en dat ongeveer drie-kwart van hulle blankes was.[53]

Namate daar ander kleinkinderskole in Kaapstad opgerig is, het die behoefte aan die „Model Infant School" minder geword, en in sy verslag oor 1870 meld die S.G.O. nie alleen dat „the sphere of this school has been

---

47) Ibid.
48) First annual report, p. 12.
49) Vgl. Second annual report, p. 20; en Fifth annual report, p. 13. Sien ook Franck, J.L.M. Onderwys in die Paarl gedurende die 19de eeu (1804-1905), p. 118.
50) Seventh annual report, p. 13.
51) Eighth annual report, p. 13.
52) Sien Van der Westhuizen, W.S., op.cit., p. 203.
53) S.G.O.-verslag, 1855 - 1856, p. 14.

narrowed, and it is now really the preparatory department of the New Juvenile School", maar ook dat 'n groot aantal leerkragte vir kleinkinderskole daar opgelei is.[54] Met ander woorde, dit was toe al nie meer 'n volwaardige kleinkinderskool nie.

6. <u>Die totstandkoming van die Kaaplandse Onderwysdepartement en die aanstelling van die eerste Superintendent-generaal van Onderwys.</u>

In 1837 het kol. Bell, die goewermentsekretaris, 'n memorandum opgestel waarin hy sy beskouinge oor die uitbreiding en verbetering van die onderwys, en van aanvangsonderwys („elementary instruction") in die algemeen, dwarsdeur die Kolonie uiteengesit het. Op versoek van die goewerneur, sir George Napier, is hierdie memorandum aan sir George Herschel, die beroemde astronoom, wat toentertyd in Kaapstad gewoon het, vir sy kommentaar voorgelê.[55]

Herschel se antwoord op die memorandum is vervat in twee briewe,[56] waarin hy deels met kol. Bell saamgestem en deels met hom verskil het en tewens sy mening betreffende die algemene doelstellings van die onderwys („the objects to be attained by the educational institutions of any country") uiteengesit het.[57] Sy opmerkings en die beginsels wat hy neergelê het, het die grondslag gevorm van die stelsel wat later deur die Britse Regering goedgekeur en in die Kolonie ingevoer is.[58]

'n Breedvoerige bespreking van al Herschel se aanbevelings sou hier nie ter sake wees nie, maar ons moet tog daarop wys dat hy met Bell saamgestem het dat een verantwoordelike amptenaar -- „a sound, clear-headed man", soos Bell dit gestel het[59] -- aan die hoof van die

---

54) S.G.O.-verslag, 1870, p. 143.
55) Report on public education, 1854, p. 4.
56) Malherbe, E.G., op. cit., p. 76.
57) Ibid., p. 77.
58) Watermeyer-verslag, 1863, p. xxxii.
59) Ibid., bylae V, nr. 21, p. 55.

onderwys in Kaapland moes staan en onder andere vir die inspeksie van die skole verantwoordelik moes wees;[60] dat hy beter diensvoorwaardes vir onderwysers bepleit het;[61] dat, wat die skoolwerk betref, hy die belangrikheid van godsdiensonderrig en lees, skryf en **reken** (die sg. „three R's") as „essential features in every plan of education" beklemtoon het en daarop laat volg het dat, wanneer daar eers hiervoor behoorlik voorsiening gemaak is, ander vakke bygevoeg kon word.[62]

In 1839 is dr. James Rose Innes, wat in 1822 as onderwyser uit Skotland na Suid-Afrika gekom het en van 1830 af professor aan die Suid-Afrikaanse Kollege in Kaapstad was, as die eerste Superintendent-generaal van Onderwys in Kaapland aangestel. Opvoedkundiges is dit eens dat daar nie 'n bevoegder persoon vir hierdie betrekking gevind kon word nie en Rose Innes, volgens **Pells** „a man of vision and intelligence,"[63] is orals waar hy gekom het, deur mense uit alle lae van die samelewing hartlik ontvang.[64]

7. Die eerste S.G.O. se indeling van die werk in die skole.

Toe Rose Innes diens aanvaar het as S.G.O., was die leerlinge nog in drie groepe ingedeel en wel op die volgende grondslag:

Klas 1: beginners („elementary");

Klas 2: spel en lees;

Klas 3: grammatika, skryf en reken.[65]

---

60) Ibid., nr. 22, p. 57.

61) Ibid., p. 58.

62) Ibid., p. 56.

63) **Pells**, E.G. Education in South Africa, 1652-1938, p. 30.

64) **Malherbe**, E.G., op. cit., p. 80.

65) **Van Zyl**, H.E., op. cit., p. 12. Sien ook Watermeyer-verslag, 1863, bylae V, nr. 20, p. 51.

Kort na sy diensaanvaarding het die S.G.O. egter 'n nuwe indeling vir alle staatskole voorgestel en hierdie „Curriculum of Elementary Instruction" is van groot belang, nie alleen vanweë die inhoud self nie, maar ook omdat dit die eerste dokument in sy soort in Kaapland was. Dit is gepubliseer as 'n „Classification of Pupils in the Government Schools, and the Arrangement of the Subjects of the Course as it regards the different Classes." Rose Innes se klassifikasie was eintlik tweeledig, naamlik eerstens vir godsdiensonderrig en tweedens vir sekulêre of gewone onderrig.[66)]

Wat godsdiensonderrig betref, behou Rose Innes drie afdelings:

Afdeling 1: Kinders wat nog nie kan lees nie. Hulle moet tekste van buite leer wat deur die onderwyser uitgesoek is, en 'n monitor moet dit vir hulle leer.

Afdeling 2: Kinders wat swak lees. Hulle sal, onder leiding van 'n monitor of 'n hulponderwyser („usher"), die gelykenisse en die wonderwerke van die Here Jesus leer.

Afdeling 3: Kinders wat vlot kan lees. Hulle sal, onder toesig van die onderwyser, 'n Bybelklas vorm.[67)]

Die klassifikasie vir sekulêre onderrig is tot vyf afdelings uitgebrei, maar ons bepaal ons hier slegs by die eerste afdeling, wat oor aanvangsonderwys handel. Vir lees is 'n spesifieke boek (Chambers se „First Book of Reading") voorgeskryf; die rekenkundige kennis wat vereis is, was „the reading and expressing of numbers, both in Arabic and Roman characters, and the committing

66) Special reports on the systems of education in Cape Colony and Natal, 1901, p. 24.

67) Watermeyer-verslag, 1863, bylae V, nr. 24, p. 67.

to memory of arithmetical tables;" en hierby is gevoeg „lessons on objects, according to the Pestalozzian system."[68)]

Dit ly geen twyfel nie dat bogenoemde indeling van die werk, hoe ver dit ook te kort skiet by die leerplanne wat met verloop van tyd ontwikkel is en in sommige gevalle feitlik vervolmaak is, baie waardevol was. „The good derived from the introduction of a definite curriculum into all schools can scarcely be overestimated, and there can be little doubt that this step taken early in Dr. Innes' administration brought about as much improvement in the quality of the instruction as his general fostering care did to increase the number of schools and the number of pupils under instruction."[69)]

Een van Rose Innes se ideale wat vermeld moet word ofskoon dit nie gedurende sy dienstyd verwesenlik kon word nie, was dat daar uiteindelik selfs op elke plattelandse dorp 'n skool moes wees waar die skoolhoof 'n assistent sou hê aan wie se sorg die werk van die junior klasse toevertrou kon word.[70)]

8. Rondreisende onderwysers.

Ten einde in die behoeftes van kinders in die dun bevolkte distrikte met betrekking tot aanvangsonderwys te voorsien, het die S.G.O., hoewel hy nie juis geesdriftig oor dié stelsel was nie,[71)] aanbeveel dat daar van rondreisende onderwysers („itinerant teachers") gebruik gemaak word.[72)] „By no other process or means can the system of public education, in its most elementary form, be extended so as to embrace, beneficially, many of the sparsely peopled wards..."[73)]

---

68) Ibid.

69) Special reports on the systems of education in Cape Colony and Natal, 1901, p. 32.

70) S.G.O.-verslag, 1855-1856, p. viii.

71) Sien S.G.O.-verslag, 1855-1856, p. 59.

72) S.G.O.-verslag, 1854, p. 8-9; en S.G.O.-verslag, 1855-1856, p. x en p. 58-59.

73) S.G.O.-verslag, 1855-1856, p. x.

In sy getuienis voor die Watermeyer-kommissie het dr. Faure, in antwoord op 'n vraag deur dr. Rose Innes, hom ten gunste van 'n stelsel verklaar waarvolgens 'n onderwyser in 'n dun bevolkte gebied na 'n plaas gaan, sowat een jaar lank vir ongeveer tien leerlinge onderwys gee en daarna met dieselfde doel na 'n ander plaas gaan.[74) ] 'n Ander getuie, dr. Robertson, wat hom ook ten gunste van so 'n stelsel uitgespreek het, het verklaar dat kinders in baie dele van die land net ses maande skoolgaan en eintlik niks anders leer as om 'n bietjie te lees en hul naam te skrywe nie, terwyl hulle oor 'n tydperk van 'n jaar by 'n rondreisende onderwyser baie meer kon leer.[75)]

Een van die aanbevelings in die Watermeyer-verslag was dan ook dat 'n vasgestelde toelae onder sekere voorwaardes aan sodanige rondreisende onderwysers betaal word.[76)]

9. <u>Die tweede S.G.O. se pogings om die onderwys te verbeter, en die standaard wat deur hom gestel is.</u>

Rose Innes, die stigter van die eerste geslaagde stelsel van openbare onderwys in die Kolonie,[77)] het in 1859 as S.G.O. afgetree en is deur dr. (later sir) Langham Dale opgevolg.

In sy heel eerste verslag het die nuwe S.G.O. die noodsaaklikheid beklemtoon dat elke staatskool benewens die skoolhoof, 'n hulponderwyser en 'n hulponderwyseres, ook 'n kleinkinderonderwyseres („infant school mistress") behoort te hê met die kleinkinderafdeling onder haar. 'n Staatskool sou dan die volgende behels:

1. Higher department ............ Head-master.
2. Elementary department.......... Under-master.
3. Girls' department ............. Mistress.
4. Infant department............. Mistress.[78)]

---

74) Watermeyer-verslag, 1863, getuienis Faure, p. 58.
75) Ibid., getuienis Robertson, p. 150.
76) Watermeyer-verslag, 1863, p. lxxiv.
77) SMIT, G.J.J. The evolution of the system of school inspection in England (1833-1944), with a reference to specific developments at the Cape, Vol. II, p. 417.
78) S.G.O.-verslag, 1859, p. 6.

Om die verhoogde koste te bestry wat op bogenoemde uitbreiding sou volg, wou Dale die stelsel van gratis onderwys wat sedert 1839 in swang was, deur die betaling van geringe skoolgeld laat vervang; in die geval van die kleinkinderafdeling moes dit nie minder as 9d. (7½c) per maand wees nie.[79)]

Die volgende jaar het die S.G.O. sy voorstel betreffende die reorganisasie van skole en die heffing van skoolgeld herhaal en die wenslikheid van meer aandag aan kleinkinderonderwys beklemtoon. Aangesien die ouers hul kinders net 'n baie beperkte tydjie kon laat skoolgaan, moes daar gekwalifiseerde onderwysers wees wat nie alleen die regte fondament by wyse van karaktervorming in die kinders se vroegste jare kon lê nie, maar ook, met die oog op die verwerwing van kennis deur die leerlinge, die beste gebruik van die kort tydjie tot hul beskikking kon maak.[80)]

Die waarde wat die nuwe S.G.O. aan die bevoegdheid van sy onderwysers geheg het, blyk daaruit dat hy in 'n spesiale verslag wat hy die jaar na sy diensaanvaarding uitgebring het, op dié onderwerp terugkom. Hy wys daarop dat die ouers nie onwillig is om hul kinders jonk skool toe te stuur nie, maar hulle nie te lank op skool kan laat bly nie; en dan laat hy volg: „If proper and efficient infant school teachers, competent to train up children from five to eight or nine years of age, were provided by the managers, the majority of the scholars... would have a better grounding in the subjects of elementary education before they reach ten years of age, than they have, at present, when leaving school at fourteen or fifteen."[81)]

---

[79)] Ibid.

[80)] S.G.O.-verslag, 1860, p. 5.

[81)] Spesiale S.G.O.-verslag, Mei 1860, p. 5.

Waarskynlik met die doel om onderwysers aan te moedig om hul kwalifikasies te verbeter, is daar 'n aantal jare later in openbare skole waar die omstandighede en die aantal leerlinge dit regverdig het, 'n toelae van nie meer nie as £30 (R60) per jaar by die salaris van 'n gekwalifiseerde onderwyser in 'n kleinkinderskool (vir leerlinge onder die ouderdom van sewe jaar) gevoeg.[82]

Dale het 'n baie hoë standaard aan sowel die onderwysers as die leerlinge in die kleinkinderskole gestel. In sy 1864-verslag meld hy wat 'n kind van twaalf jaar oud behoort te ken en, nadat hy verklaar het dat die skole, op een of twee na, nie daarin slaag om die vereiste standaard te bereik nie, voeg hy by dat die rede vir hierdie tekortkoming voor die hand liggend is: „the want of infant schools, in which each child, by the time it has reached seven years of age, should have learnt to read a simple book, such as the New Testament, fluently and intelligently, to write on a slate in a fair round hand, to know many of the properties and relations of numbers, to set down on a slate any number under 100,000 correctly from dictation."[83] Inderdaad 'n hoë verwagting wat die onderwyshoof van sy kleinkinderskoolonderwysers en hul leerlinge van hoogstens sewe jaar oud gekoester het!

Volgens Dale kon 'n kleinkinderskool in drie afdelings verdeel word en in die laagste afdeling moes daar nie op die verwerwing van parate kennis aangedring word nie; die kindertjies moes net geleer word om op te let, om voorwerpe te noem en daaroor te praat, om woorde -- ook die woorde van liedere -- te herhaal, om letters en figure op leie af te skrywe en te teken, om hul hande, arms en voete, asook hul oë, te oefen, en om in die gewoontes van welvoeglikheid, orde en gehoorsaamheid geoefen te word.[84]

---

82) S.G.O.-verslag, 1872, p. 6.
83) S.G.O.-verslag, 1864, p. 6.
84) Ibid.

In 1868 het Dale daarop gewys dat, terwyl baie boere, en dikwels predikante ook, tevrede was as die kinders op skool net soveel geleer is dat hulle as lidmate van die N.G. Kerk aangeneem kon word, die „Government inspector"[85] 'n ander maatstaf gehad het om die sukses van 'n „elementary school" mee te bepaal. Die standaard van die inspekteur het naamlik vereis dat die leerlinge in staat sou wees om (1) vlot en korrek te lees en te skryf; (2) die gewone rekenkundige berekeninge vlug en sekuur te maak; en (3) 'n taamlike kennis van koloniale en algemene Aardrykskunde en Geskiedenis te besit.[86]

Een van die maniere waarop Dale die standaard in kleinkinder- en ander skole dwarsdeur die Kolonie wou verhoog, was deur meer gereelde inspeksie van skole. Aangesien sy administratiewe werk hom nie toegelaat het om voldoende tyd vir inspeksie af te staan nie, is daar op aandrang van die S.G.O. twee „Deputy Inspectors of Schools" aangestel. Hierdie twee inspekteurs, mnre. O.H. Hogarth en A.N. Rowan, het in Oktober 1872 diens aanvaar en toe kon Dale in sy jaarverslag skrywe: „I may now look forward with confidence to the gradual raising of the standard of instruction..."[87]

10. <u>Die gehalte van die onderwys</u>.

In die paragrawe hierbo is verwys na die pogings van die S.G.O. om die standaard te verhoog. Dat dit aanvanklik gebiedend noodsaaklik was, ly geen twyfel nie, soos duidelik blyk uit 'n ontleding van die gehalte van die onderwys (veral die aanvangsonderwys), waarop ons vervolgens let.

---

85) Ons moet in gedagte hou dat met „Government inspector" hier na die S.G.O. self verwys word; aangesien daar teen 1868 nog geen ander skoolinspekteurs in Kaapland was nie en alle inspeksies deur die S.G.O. persoonlik uitgevoer is.

86) S.G.O.-verslag, 1868, p. 7. Sien ook Watermeyer-verslag, 1863, getuienis Dale, p. 36.

87) S.G.O.-verslag, 1872, p. 5.

Die jaar nadat hy S.G.O. geword het, het Dale reeds op die uiters swak gehalte van die onderrig gewys en rekenonderwys spesiaal vir kritiek uitgesonder omdat die leerlinge nie die eenvoudigste hoofreken-sommetjies kon maak nie.[88]

Ongeveer die jaar 1860 was die toestand van die onderwys „taamlik treurig"[89] en, omdat daar ontevredenheid geheers het, is die Watermeyer-kommissie in 1861 deur die Regering aangestel met die opdrag om onder andere oorweging te skenk aan, en verslag te doen oor, die maatreëls wat behoort getref te word met die oog op die uitbreiding van aanvangsonderrig („sound elementary instruction") tot alle klasse van die bevolking.[90] Die verslag van die Watermeyer-kommissie het in 1863 verskyn en is meer as 50 jaar later nog (in 1919) deur dr. G.G. Cillie „heel waarskynlik die belangrikste dokument (oor onderwys) wat ooit in ons land die lig gesien het"[91] genoem.[92]

In sy getuienis voor die Watermeyer-kommissie het Dale onomwonde verklaar dat ruim twee-derdes van die leerlinge glad nie kan lees nie,[93] dat die kinders nie behoorlik geleer word om te skrywe nie[94] en dat nie vyf persent netjies en duidelik kan skrywe nie.[95] Die swak gehalte van die werk wat hy in kleinkinderskole aangetref het, het die S.G.O. daaraan toegeskryf dat die leerkragte nie die nodige opleiding vir hul werk gehad

---

88) Spesiale S.G.O.-verslag, Mei 1860, p. 4-5.

89) Cillié, G.G. In Populair-wetenskaplike leesboek, dl. II, p. 331.

90) Watermeyer-verslag, 1863, p. iii.

91) Cillié, G.G., op. cit., p. 332. Sien ook Die Unie, 43:235, Jun. 1948.

92) Die verslag van die Watermeyer-kommissie word dikwels in hierdie proefskrif aangehaal en daar word veral na die getuienis wat voor die kommissie afgelê is of aanbevelings wat in die verslag gedoen is, verwys.

93) Watermeyer-verslag, 1863, getuienis Dale, p. 38.

94) Ibid., p. 39.

95) Ibid., p. 43.

het nie, „training which is really more necessary to one in charge of an infant school than to any other teacher."[96]

'n Insiggewende spesiale verslag oor onderwystoestande in die Westelike Distrikte is in 1876 deur inspekteur A.N. Rowan geskrywe. Daar was 67 kleinkinderskole en -afdelings in sy omgang en in die meeste van hulle is blote roetine-werk redelik goed gedoen, maar afgesien daarvan is baie min onderneem. Die onderrig het hoofsaaklik bestaan uit die sing van dieselfde liedjies oor en oor; herhaling van die tafels; die alfabet; 'n bietjie skriftelike werk op leie; en die gewone liggaamsoefeninge vir klein kindertjies. Froebel se metodes is in slegs twee of drie skole gedeeltelik toegepas en van aanskouingslesse het min tereggekom.[97]

In 1880, toe Rowan weer 'n spesiale verslag oor onderwystoestande in die Westelike Distrikte opgestel het, was daar 76 kleinkinderskole of -afdelings in sy omgang en moes hy rapporteer dat die opmerkings in sy vorige spesiale verslag (1876) nog van toepassing is.[98] Net soos die S.G.O. etlike jare tevore reeds oor die onkunde van die onderwysers met betrekking tot aanvangsonderwys gekla het,[99] het Rowan nou ook die swak werk in baie kleinkinderskole aan die onbevoegdheid van die onderwysers toegeskryf en verwys hy na hulle as „teachers who want skill and tact in teaching infants, and who, instead of cultivating their powers of observation, waste their time in cramming the minds of their pupils with all sorts of useless knowledge."[100]

---

96) Ibid., p. 39.
97) S.G.O.-verslag, 1876, p. 30.
98) Byvoegsel tot die S.G.O.-verslag, 1880, p. 12.
99) Vide supra.
100) Byvoegsel tot die S.G.O.-verslag, 1880, p. 12.

Met verloop van tyd het die gehalte van die onderwys verbeter en, toe die inspekteurs in 1885 om aanbevelings oor spesifieke aangeleenthede gevra is, kon Rowan rapporteer dat die werk in kleinkinderskole baie verbeter het.[101] Sommige van die ander inspekteurs was egter nog glad nie tevrede met die werk nie en inspekteur F.H. Ely het gemeld dat, hoewel 14 of 15 van die skole in sy omgang (in die Oostelike Distrikte) kleinkinderafdelings het, Kindertuinmetodes in slegs 'n paar toegepas word.[102] Soos ander voor hom, het Ely ook die behoefte aan leerkragte wat spesiaal vir kindertuinwerk opgelei is, beklemtoon[103] en drie jaar later het hy dit as sy mening uitgespreek dat die werk in kleinkinderskole nie sou verbeter voordat daar opgeleide leerkragte was om dit te verrig nie.[104]

Ook Ross, wat in 1882 met die titel van „Inspector-General of Schools and Colleges" uit Skotland gekom het om die onderwysstelsel in die Kaapkolonie te inspekteer,[105] se verslag oor die gehalte van kleinkinderonderwys teen die einde van die 19de eeu was ongunstig,[106] maar hy het sy blydskap daaroor uitgespreek dat wysigings van Froebel se stelsel in die Kolonie ingevoer is en hy het verwag dat dit goeie vrugte sou afwerp.[107]

Dr. Dale is in 1892 deur dr. (later sir) Thomas Muir as S.G.O. opgevolg. In sy heel eerste verslag haal die nuwe S.G.O. inspekteur E. Noaks aan waar hy daaroor kla dat die leerlinge in geen skool in sy omgang

101) S.G.O.-verslag, 1885, p. xli en p. xliv.
102) Ibid., p. lxi.
103) Ibid.
104) S.G.O.-verslag, 1888, p. 28.
105) Cillié, G.G., op. cit., p. 336.
106) Ross, Donald. Preliminary report on the state of education in the Colony of the Cape of Good Hope, 1883, p. 21.
107) Ibid., p. 31.

Kindertuin-spele geleer word nie, nieteenstaande die waarde van sodanige spele om die kinders sekere gesindhede en vaardighede te leer en om die skoolwerk interessanter te maak: „... to add sunlight to daylight by making the happy happier."[108] Die S.G.O. verklaar dat hy elke woord in inspekteur Noaks se verslag onderskryf, maar voeg daarby dat daar skole in ander dele van die Kolonie is wat beter daaraan toe is, wat hulpmiddels by die onderrig van klein kindertjies betref, as dié in mnr. Noaks se omgang, en dat hy in Oos-Kaapland en by Kimberley veelbelowende pogings met betrekking tot Kindertuinonderwys („Kindergarten teaching") aangetref het.[109]

In sy 1895-verslag wy inspekteur J.H. Brady 'n afsonderlike paragraaf aan die gehalte van die onderwys in kleinkinderafdelings in sy omgang; en ook hy rapporteer dat, terwyl daar in sommige skole pragtige werk verrig word, die onderwys in die kleinkinderafdelings van die meeste skole betreurenswaardig („deplorably bad") is.[110]

Insp. E. Noaks kla dieselfde jaar in sy verslag dat die kindertuinstelsel baie min vordering toon en betreur veral die gebrek aan spele, liggaamsoefeninge, aksieliedjies en aanskouingslesse. In sy hele omgang was daar net een geval, naamlik die kindertuinafdeling van die openbare skool op Montagu, waar daar bevredigende vordering gemaak is beide wat die uitrusting en die gehalte van die werk betref.[111]

In die S.G.O. se verslag oor die jaar 1897 kom die volgende voor: „Of the three fundamental subjects,

---

108) S.G.O.-verslag, 1892, p. 12.
109) Ibid.
110) S.G.O.-verslag, 1895, p. 19a.
111) Ibid., p. 66a.

Reading, Handwriting and Arithmetic, there is only one about which the Circuit Inspectors are fairly unanimous in speaking hopefully. This is Handwriting."[112] Hy skryf die verbetering ten opsigte van skrifonderrig toe aan vakansiekursusse, asook spesiale klasse, wat vir die onderwysers gehou is. Dieselfde jaar en ook die volgende jaar verwys die meeste inspekteurs in hul afsonderlike verslae na die vordering in skrifonderrig en insp. D.D. Fraser stel dit só: „Handwriting is now receiving great attention. The subject is taught, instead of being left to haphazard. The improvement in this subject is well marked and obvious."[113]

By wyse van opsomming kan ons sê dat sowel die S.G.O. as die inspekteurs teen die einde van die 19de eeu die mening toegedaan was en ook herhaaldelik gerapporteer het dat die gehalte van die kleinkinderonderwys slegs in enkele skole bevredigend was en dat nie verwag kon word dat dit veel sou verbeter voordat daar kindertuininspektrises was om die nodige leiding te gee en voordat daar tewens behoorlik opgeleide onderwyseresse was om die regte metodes toe te pas nie.

11. Aandag aan die hoër klasse ten koste van die leerlinge in die aanvangsklasse.

Verreweg die meeste skole in Kaapland was in die 19de eeu eenmanskole en, waar dit vir 'n onderwyser, in 'n eenmanskool onmoontlik is om dwarsdeur die dag aan al die klasse aandag te skenk, spreek dit vanself dat sommige klasse afgeskeep sou word. Ongelukkig was die algemene klagte dat juis die aanvangsklasse hieronder gely het.

---

112) S.G.O.-verslag, 1897, p. 18.
113) S.G.O.-verslag, 1898, p. 30a.

In een van sy eerste verslae nadat hy 'n aantal inspeksies uitgevoer het, het Langham Dale gemeld dat die onderwysers in baie gevalle slegs 'n paar minute per dag aan die leerlinge in die kleinkinderklasse aandag skenk en het daarop laat volg: „I am convinced that many children from five to nine years of age now remain at school month after month, without making any appreciable progress; and the teacher is only made sensible of their presence when their noise interferes with the teaching of his senior division."[114)] Dale het so sterk hieroor gevoel dat hy dié woorde 'n paar jaar later in sy getuienis voor die Watermeyer-kommissie net so herhaal het; en in antwoord op 'n vraag deur die voorsitter het hy verklaar dat, terwyl die onderwyser aan die senior klasse aandag skenk, dit onvermydelik is dat die oorgrote meerderheid van die leerlinge verwaarloos word.[115)]

Meer as een godsdiensleraar het ook voor die Watermeyer-kommissie getuig dat 'n onderwyser baie min tyd aan die aanvangsklasse kan bestee omdat die hoër klasse feitlik al sy aandag verg;[116)] en, net soos daar omstreeks 1830 en later in die skole onder beheer van die „South African Infant School Society" dikwels van die dienste van monitors gebruik gemaak is,[117)] so moes die onderwysers nou ook monitors gebruik om die beginners besig te hou. Dale was glad nie gediend hiermee nie, want volgens hom was die monitors in die meeste gevalle net so onkundig soos die kinders onder hul sorg en het hulle dikwels meer kwaad deur hul voorbeeld as goed deur hul onderrig gedoen.[118)]

114) Spesiale S.G.O.-verslag, Mei 1860, p. 5.
115) Watermeyer-verslag, 1863, getuienis Dale, p. 38.
116) Vgl. Watermeyer-verslag, 1863, getuienis Faure, p. 145; en getuienis Fleischer, p. 183-184.
117) Sien Second annual report of the Committee of the South African Infant Schools, p. 17-18.
118) S.G.O.-verslag, 1861, p. 5.

Baie jare later het inspekteur Fraser nog gekla (dit was in verband met Rekenkunde) dat daar in baie skole, beide openbare en Sendingskole, te min aandag aan die beginners geskenk word en dat hulle nie van die begin af reg geleer word nie. „It is a cruel injustice to young children to let them thus go wrong at the start."[119)]

12. Die waarde van die kleinkinderskole.

Nieteenstaande die gebreke wat die kleinkinderskole van 'n eeu gelede aangekleef het en waarop daar in die voorgaande bladsye gewys is, is daar ook getuienis dat hulle baie waardevol was.

Op 'n vraag deur die voorsitter van die Watermeyer-kommissie of daar 'n verskil tussen kinders wat klein-kinderskole bygewoon het en ander kinders is, het die Biskop van Kaapstad bevestigend geantwoord en bygevoeg dat hulle in kleinkinderskole dissipline en gehoorsaam-heid geleer word en dat, wanneer hulle na skole met hoër klasse gaan, die meeste kan lees en sommige kan skryf en eenvoudige rekenwerk doen.[120)]

Eerw. Fleischer het ook op bogenoemde vraag beves-tigend geantwoord en, ofskoon hy nie kon sê dat kinders wat kleinkinderskole bygewoon het, vinniger vorder nie, was sy ondervinding dat hulle oor die algemeen makliker gehanteer kan word en gehoorsamer is as ander kinders.[121)]

13. Akkommodasie en uitrusting.

Toe Dale diens aanvaar het as S.G.O., het die skool-geboue en ook die uitrusting veel te wense oorgelaat. In April 1860 het hy in 'n sg. eersteklas staatsonder-steunde skool wat kort tevore geopen is (by Tulbagh), inspeksie gehou en gevind dat die klaskamer uiters swak

119) S.G.O.-verslag, 1892, p. 8.
120) Watermeyer-verslag, 1863, getuienis Biskop van Kaapstad, p. 84.
121) Ibid., getuienis Fleischer, p. 173.

toegerus is; twee balke wat oor 'n aantal houtkissies geplaas is, was die vernaamste meublement. In 'n ander skool, waar verreweg die meeste leerlinge niks anders as aanvangsonderrig gekry het nie, was daar geen ander fasiliteite vir skrywe nie as een klein tafeltjie, waarby slegs twee of drie kinders op 'n slag kon sit.[122] En dit in 'n skool met 48 leerlinge!

Gedurende die volgende paar dekades is meer en beter skoolgeboue opgerig en is meer apparaat aan kleinkinderskole verskaf, sodat inspekteur A.N. Rowan in 1880 kon rapporteer dat daar 'n verbetering plaasgevind het deurdat baie van die kleinkinderskole in sy omgang van geskikte apparaat voorsien is.[123]

Die 1885-verslag van die S.G.O. bevat belangrike inligting, naamlik die vereistes waaraan kleinkinderskole („infant schools") moes voldoen: (1) 'n goed toegeruste klaskamer; (2) gepaste onderrig in die beginsels van Lees, Skryf en Rekenkunde; (3) eenvoudige aanskouingslesse en Natuurstudie; (4) 'n geskikte verskeidenheid van oefeninge en bedrywighede, soos liggaamsoefeninge en Kindertuinwerk.[124] In 'n Handleiding wat in 1892 gepubliseer is, word hierdie vereistes ook aangegee[125] en dan word bygevoeg dat die voorbereidingsafdeling („preparatory department") van 'n openbare skool **òf** 'n junior afdeling wat deur 'n gekwalifiseerde onderwyser in 'n afsonderlike klaskamer waargeneem word, **òf** 'n goedgekeurde kleinkinderskool mag wees.[126]

Teen die einde van die 19de eeu was daar dus al standaardvereistes waaraan voldoen moes word.

---

122) Ibid., getuienis Dale, p. 40.
123) Byvoegsel tot die S.G.O.-verslag, 1880, p. 12.
124) S.G.O.-verslag, 1885, p. xxxv.
125) The education manual, 1892, p. 51.
126) Ibid., p. 52.